
FAMILIENUUS

pelgrimstog deur die lewe
Outeniqualand
oorgee • omgee • aangee



8 November 2026

Wat jy hierdie week moet weet!

erediens

SONDAG

Jy is hartlik uitgenooi na Sondag se 2 eredienste:

- 08:00 by die Kobus Hattingh-saal
- 09:30 by die kerk te Sinksabrug.

Kom drink lekker koffie saam met ons na afloop van die erediens.

DEUROFFER: DIENSGROEP VIR GEMEENTEBEDIENING

Outeniqualand se Diensgroep vir Gemeentebediening staan onder leiding van Jaap van der Westhuizen. Hierdie Diensgroep is verantwoordelik vir die opbou van die gemeente in al sy fasette. Die bedieninge wat onder hierdie Diensgroep val is.....

Inrig van die eredienste/Voorsang/ Pinkersdienste/Jeug & Vonkies/ Jaarkalender/Jaartema aksies/ Paassangdiens/Kerssangdiens/ Kursusse soos “Ontdek jou gawes” en “40 dae”/Outeniqualand se Web-blad/Gemeente kampe en enige ander aksies waar ons gemeente, hetsy geestelik of beestelik, bedien word. Ons wil jou aanmoedig om enige vars nuwe idees vir ons deur te gee of beter nog, om by ons aan te sluit en te help dink aan nuwe idees hoe ons ons mede-Outeniqualanders beter kan bedien.

Kontak gerus vir Jaap van der Westhuizen by 082 877 8566

VOLGENDE SONDAG

Kom sluit volgende Sondag by ons aan vir die erediens om 09:30 by die kerk te Sinksabrug.

DEUROFFERS

Verlede Sondag het ons R3 421 ingesamel vir VGK Friemersheim. Volgende Sondag se deuroffer is vir Straatwerk (Sinodaal).

oorgee

KLEINGROEPE

Bybelstudies

Skakel gerus vir Pieter Landman by 072 518 6964 as jy belangstel om aan te sluit.

- Mansbybelstudie is Do om 08:00 in die KH-saal.
- Damesbybelstudie is Do om 09:30 in die KH-saal.

Dissipelskapgroepe

- Donderdagmiddae om 15:30 in KH-saal
- Donderdagaande om 18:30 in kerksaal Sinksabrug

GETROUHEID/ GEHOORSAAMHEID

Rekeningbesonderhede: NGK Outeniqualand; FNB Tjek rekening; Rek nrs.: 623 584 60401; Takkode 210-114. *Verwysing: Deuroffer/Dankoffer/Projek/ Bankkollekte ens.*

FNB First National Bank

Snap here to pay SnapScan

In elke seisoen bly die Here goed, en daarvoor is ek dankbaar.

"Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van bo."
Jakobus 1:17

omgee

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat 8 tot 14 November:

So 8
Francois du Plessis

Ma 9
Gert Viljoen

Di 10
Juanré Snyman (19 jaar oud)

Wo 11
Sanet Barnard
Sissie Oosthuizen
Emma Stander
John Visser

Do 12
Suzette Ahlers
Pat McClintock
Susan Raath
Betsie Smit



Vr 13
Janita Russouw
Inge van Tonder (19 jaar oud)

IS GEBED JOU PASSIE?

Raak deel van Outeniqualand se unieke whatsapp-gebedsgroep of gee gebedsversoeke deur sodat ons jou kan bystaan in gebed! Kontak asb. vir Ina by 083 512 2974.

Hier is 2 Gebedsinisiatiewe:

- ‘n Prentjiemooi gebedstuin by die KHSaal in Glentana. Kom beleef God in die stilte van Sy skepping!
- ‘n Gebedskamer (ou moederskamer) agter in die kerkgebou vir gebruik deur ons lidmate.

ONS BID VIR...

1. Gemeentebediening (Deuroffer): Bid vir hierdie "enjinkamer" van ons gemeente. Bid vir die beplanning van volgende jaar – vir kleingroepe, gasvryheid, eredienste, musiek-bediening, Vonke en omgee-groepe.

2. Bid vir die samestelling van munisipale rade - vir diensbare leiers wat die waarheid liefhet.

3. Bid vir ons area se besighede en ekonomie in aanloop van die besige vakansietyd.


4. Bid dat die Here sal beskerm en ingryp teen misdaad en korrupsie in hierdie tyd.

5. Bid die Woord: (Jer. 33:3) "Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge...."

DANKIE:

1. Vir munisipale werkers en leiers wat diensbaar is.

2. Dat God ons toevlug, ons bergvesting in moeilike en stormagtige tye is.



GEBEDSUITDAGING VIR DIE WEEK:

'n Seker wete – God beantwoord gebede. As Jesus ons leer bid het, was Sy bedoeling seker ook om te antwoord daarop.

Kronies: Annemarie Swart, Justin Deysel. **Herstel:** Dirk Swart, Henriette Bothma, Isabelle Winnertz , Lettie Zondagh, Nadia Botha, Stoffel Bester, Koos Uys, Daan Rossouw, Ina Theron, Mike Bands. **Kanker:** Reiner Becker, Irmgard Nel, Elize Odendaal, Roelf van Schalkwyk, Ronel Skeen, Joey Buitendagh se dogter Karina Richter.

OMGEEBEDIENING

As jy voel jy beskik oor die gawe om mense Sondae vriendelik en spontaan by die deure te verwelkom..... kontak Maryna by 082 650 7613.



inligting

KALENDER VIR 2027



2027 is om die draai! Die jaar het behoorlik gevlieg. Daar gaan binnekort in alle erns begin beplan word aan die 2027 kalender. Gemeentelede kry vir 2027 weer die geleentheid om ‘n bladsy in die kalender te borg @ R500. Op jou bladsy kan jy ‘n mooi teksvers of geestelike aanhaling, wat vir jou besonderse betekenis het, met die gemeente deel.

Stuur ‘n whatsapp na 082 3 456 456 of ‘n epos aan ngouteniqua@gmail.com.
September is reeds geneem.

BLY OP HOOGTE!

Indien jy op hoogte wil bly van die gemeente se aktiwiteite **via Whatsapp**, stuur ‘n Whatsapp na ds Jan se nr (084 258 8646) met jou naam daarby. (Jy hoef nie jou lidmaatskap aan te vra hiervoor nie).

BLOMME VIR 2027



As jy kans sien om volgende jaar ‘n beurt te vat om die liturgiese ruimte te verfraai met blomme/ander versierings, laat weet asb. vir Merinda by die kerkkantoor (044-876 0158) of stuur ‘n WhatsApp aan 083 4 526 526.

WIT OLIFANTE



Dit raak weer tyd om in jou kaste en motorhuis al die **Wit Olifante** bymekaar te maak en aan te stuur kerk toe. Daardie wees-olifantjies wat die afgelope jaar stof vergader het in die motorhuis of stoorkamer wil graag nuwe eienaars by die basaar kry.

Die kontakperoon vir die Wit Olifante is Pieter Stoltz by 082 851 4296. Hulle sal reël dat die olifante opgelaai word. Jy is welkom om pryse op die items te plaas waarteen dit verkoop kan word – maar as dit nie verkoop word nie, word die hoogste prys aanbod aanvaar.

Slegs heel en bruikbare items asseblief!

VAKATURE

Daar is ‘n vakature vir Voorsitter van die Diensgroep vir Diens-verhoudinge. Hierdie Diensgroep hanteer alle personeelsake en sorg dat ons ‘n goeie personeelspan het wat voltyds vir die Here werk in Outeniqualand-gemeente. Indien jy iemand wil nomineer, kan jy ‘n vorm by die kerkkantoor kom haal.

Carpe Musicam! &
GREAT BRAK RIVER CONSERVANCY
POPS BAND
PROUDLY PRESENTS

SOUNDS OF THE Season

A JOYOUS AFTERNOON OF
CHRISTMAS MUSIC
FOR THE WHOLE FAMILY


SUNDAY
29
NOVEMBER
2026
15:30
DIAS MARITIME MUSEUM
MOSSEL BAY

TICKETS R200 | SCHOLARS R50

TICKETS ONLINE AT CARPEMUSICAM.CO.ZA
Or take a chance at the door (card or cash)

SUPPORT LOCAL CONSERVATION
SUPPORT COMMUNITY
SUPPORT LOCAL TALENT

GROOTBRAK LEESKRING
Jaar Afsluiting



Sidney Gilroy gesels met
Louis Jansen van Vuuren

Avonture van 'n Afrikaanse Fransman
Kostelike vertellings oor sy lewe in Frankryk

Datum: Donderdag, 12 November 2026.
Tyd: 09:15 vir 10:15vm.
Plek: NG Kerksaal, Langstraat, Groot-Brakrivier.
Prys: R100 vir lede / R150 vir besoekers & nie-lede.
Slegs kontant. Peuselhappies ingesluit.

Bespreek by Etty: 083 501 0845.

OORGEE: om God te verheerlik deur oorgegewe lewens wat gekenmerk word deur gehoorsaamheid aan Sy wil.

- Rom 12: 1Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is.
- Ef 5: 10Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is,

OMGEE: om liefdevol vir alle mense om te gee, geestelik toe te rus en te versorg vir 'n praktykgerigte lewe.

- Rom 13: 8Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê.
- Ef 4: 32Wees eerder vriendelik met mekaar. Gee vir mekaar om. Vergewe mekaar soos God julle vergewe het op grond van wat Christus gedoen het.
- Heb 10: 24Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.

AANGEE: Om aktief die liefde van die Here aan te gee deur met die goeie nuus van Jesus se verlossing uit te reik na ons GESINNE, VRIENDE, GEMEENSKAP en die WêRELD.

- Mat 10: 8Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.
- Luk 6: 38Gee, en vir julle sal gegee word:

ons visie

Ontniqualand
oorgee • omgee • aangee

Kontak ds. Jan by 084 258 8646 of janfourie7777@gmail.com.
Hy besoek jou graag. Neem asb. vrymoedigheid om met ons te skakel indien jy behoefte het aan 'n besoek.

Kontak Merinda by die kerkkantoor by 044-876 0158/ngouteniqua@gmail.com of kom besoek die kerkkantoor Dinsdae tot Vrydag (08:30 - 13:30) asook Woensdag (15:00 - 16:30) en Sondae (09:00 tot 11:00).

Annemarie as Fasiliteitsbestuurder kan gekontak word by 084 551 6282 en Tinus ons orrelis by 072 649 2596.

Besoek ons ook by www.outeniqualand.co.za
of op Facebook by NG Outeniqualand Gemeente.

BEKENDSTELLING

Vlerke is vir vlieg
deur
Jeanne Henning Els

Gespreksleier: Dr Daniel Hugo
Sang deur Adam du Plessis


18 Nov, 09:30 vir 10:00–12:00

Groenkloof, Sandhoogtepad,
Groot-Brakrivier

Toegang gratis
(donasies welkom)

RSVP: Bel 082 752 2287 teen 16/11; besprekings noodsaaklik, plek beperk;

Versnaperinge word bedien;
boeke te koop (kaart/kontant)



Turksoy
PUBLIKASIES

snuffelhoekie

PENDELDIENS

Een van ons lidmate het begin met ‘n Lughawe- en Dorp-pendeldiens. Hy kan help so wyd as Oubaai/ Heroldsbaai/Glentana/Groot Brak-rivier/Wildernis/Victoriabaai. Hy sê sy diens is betroubaar, bekostig-baar, betyds en veilig. Kontak gerus vir George Botha by 082 566 3374.

Outeniqualand-gemeente staan nie in vir die kwaliteit van produkte of dienste gelewer nie en vrywaar haarself van enige skade en/of verliese wat deur of as gevolg van ‘n advertensie gely word.

Indien jy as lidmaat ‘n produk of diens in die snuffelgids wil adverteer, kontak vir Merinda by die kerkkantoor ngouteniqua@gmail.com of 044-876 0158.

